

In the Supreme Court of South Africa.
In die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

(APPAL Provincial Division.)
Provisieside Afdeling.)

Appeal in Civil Case.
Appèl in Siviele Saak.

CHRISTOFFEL LOMBAARD BOUWER Appellant,

versus

JOHANNES ALBERTUS WESSELS Respondent

Appellant's Attorney Symington & De Kok Respondent's Attorney Naude & Naude
Prokureur vir Appellant Prokureur vir Respondent

Appellant's Advocate S.A. V. Respondent's Advocate N.W.Z.
Advokaat vir Appellant Advokaat vir Respondent

Set down for hearing on 17-8-71
Op die rol geplaas vir verhoor op

2-4-50-6-9

Christoffel Lombaard Bouver / Naude & Naude

NKA

9-11-71 11-10-71 12-4-71

23-9-71 M. ... d R = ... met ...

[Handwritten signature]

Bills Taxed.—Kosterekenings Getakseer.			
Date. Datum.	Amount. Bedrag.	Initials. Paraaf.	
Writ issued Lasbrief uitgereik			
Date and initials Datum en paraaf			

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA.

APPÉLAFDELING.

In die saak tussen:

CHRISTOFFEL LOMBARD BOUWER APPELLANT.

EN.

JOHANNES ALBERTUS WESSELS RESPONDENT.

Coram : Rumpff, Wessels, Potgieter, Jansen et Muller, ARR.

Verhoor : 17 Augustus 1971. Gelewer : 23 September '71

U I T S P R A A K.

Muller, AR. : Hierdie appèl is gerig teen n bevel van die Noord-Kaapse Afdeling (De Vos Hugo R.P.) vir betaling deur die appellant (verweerder in die hof a quo) van n bedrag van R9160 ter vergoeding van skade gely deur die respondent (eiser in die hof a quo) as gevolg van die afbrand van twee voermiedens op die plaas Brulpan, distrik Vryburg, in November 1966. Ek sal na die partye verwys as eiser en verweerder.

In die gemelde jaar het eiser en verweerder op afsonderlike gedeeltes van die plaas Brulpan geboer. Verweerder

het op genoemde plaas gewoon, maar eiser nie. Laasgenoemde besit n heel paar plase en het destyds gewoon op n ander plaas sowat 100 myl v^êr van Brulpan.

Oor die plantseisoen 1965/1966 het eiser 431 morg mielies op sy gedeelte van Brulpan geplant, maar dit was laat in die seisoen geplant omdat die reëns laat gekom het. Gedurende April/Mei 1966 het eiser hierdie mielies geoes omdat hy bang was dat ryp dit sou vang. Die mielieplante is op die lande afgesny; vir n paar maande laat droog^gword, en toe tot voer verwerk. In laasgenoemde proses is n gedeelte van die mielieblare gebaal en die res - bestaande uit stingels, blare stronke en pitte - is, behalwe vir n sekere hoeveelheid waarvan later melding gemaak sal word, met n ham^mermeul tot voer gemaal.

Die bale mielieblare is in twee miedens gepak elk met n ruimte in die middel waarin die gemaalde voer ingegooi is. Die groter een van hierdie twee miedens (in die getuienis na verwys as mied B) was ongeveer ³⁰~~20~~ voet hoog en bedek op die bopunt met bokseile. Die kleiner een van die twee (in die getuienis na verwys as mied C) was ongeveer 10 voet hoog met

geen bedekking op nie.

~~Die gedeelte van die oes wat nie deur eiser gebaal~~
of gemaal is nie, het bestaan uit n hoeveelheid mieliekoppe -
stronke met pitte daarin en omhul met mielieblare. n Deel
daarvan is naby die voornoemde twee miedens gestapel in n hoop
ongeveer 5 voet hoog. Hierdie stapel mieliekoppe is gedurende
die verhoor na verwys as mied A. In werklikheid was dit nie
n mied nie, maar net, soos reeds gesê, n stapel mieliekoppe.
Gerieflikheidshalwe sal ek egter voortgaan om daarna te verwys
as mied A.


Die orige deel van die gemelde hoeveelheid mieliekoppe
- d.w.s. daardie deel van die oes wat nie in die drie miedens
opgeneem is nie - het eiser gedors deur die pitte van die
stronke te stroop. Dit het 600 sakke mieliepitte gelewer en
die stronke en blare wat daarvan afkomstig was het eiser aan
verweerder geskenk sodat laasgenoemde dit tot voer kon verwerk
vir sy eie gebruik. Hierdie stronke en blare het bly lê in n
hoop of hopies daar waar eiser gedors het, op n punt waarna
in die verhoor verwys is as punt D.

Die rede waarom die inhoud van die voornoemde miedens so breedvoerig hierbo beskryf is, is omdat dit ter sprake kom by die berekening van die bedrag van skadevergoeding, wat n twispunt by die verhoor was en nog altyd n twispunt is op appèl na hierdie Hof.

Om n duidelike beeld te kry van die gebeure wat die brandskade veroorsaak het, is dit nodig om die ligging van die voornoemde miedens, met betrekking tot mekaar en met betrekking tot ander punte wat ter sprake is, te beskryf; en dit kan gerieflik gedoen word met verwysing na die volgende skets wat by die verhoor gebruik ~~was~~^{is}.

S.

NOORD



- Punt A : Stapel mieliekoppe (verwys na as mied A),
" B : Groot mied ± 30 voet hoog (verwys na as mied B),
" C : Kleiner mied ± 10 voet hoog (verwys na as mied C),
" D : Hoop of hopies mielieblare en stronke wat aan
verweerder geskenk is.
" E : Sinkdam.

(Nie volgens skaal ; afstande en komaspunte by benadering)

Volgens die getuienis is die heersende winde in die betrokke omgewing gedurende die somermaande van die noordekant, ~~die~~ die wind waai normaalweg van noord na suid - of, soos sommige van die getuies dit beskryf het, die wind begin soggens vroeg noord-oos, skuif dan in die loop van die dag sodat dit uit die noorde kom en later in die dag uit die noord-weste.

Gedurende November 1966 het verweerder besluit om die mieliestronke en blare wat eiser aan hom geskenk ^{het} tot gemaalde voer te verwerk en het hy sy trekker en n ~~hammer~~meul geneem na punt D waar genoemde stronke en blare nog altyd in n hoop of hopies gelê het. Die masjien van die trekker was met n dryfas agter die trekker aan die ~~hammer~~meul gekoppel sodat die krag van die trekker die ~~hammer~~meul kon draai. Op daardie wyse het verweerder vir meer as n week aan die stronke en blare gemaal, en van dag tot dag die gemaalde voer verwyder na sy gedeelte van die plaas waar hy dit opgeberg het en gebruik het om sy osse te voer. Verweerder self het nie toesig gehou by die malery nie. Die persoon wat daar in beheer van sake was, was n ouerige Bantoe, by naam Middleboy, wat heelwat ondervinding gehad het van trekkers en die maal van voer met n

hammermeul. Middleboy het self die voerwerk gedoen by die voerbak van die meul en ^{is} ~~was~~ bygestaan deur vyf ^{jong} Bantoe-kindere, waarvan drie die voer (stronke en blare) van die hoop nader gewerk het na die voerbak van die meul en die ander twee die sakke gemaalde voer afgehak het by die meul sodra die sakke vol was en dit eenkant gesit het. Hoewel verweerder nie toesig gehou het by die malery nie, het hy elke dag n paar maal daarheen gegaan om te sien dat sake vlot en reg verloop.

Op Donderdag, 24 November 1966, het Middleboy en sy helpers, net soos die voorafgaande dae, weer by punt D met die hammermeul gemaal aan die stronke en blare wat toe nog oorgebly het by daardie punt. Gedurende die oggend het n sterk wind gewaai van noord na suid - d.w.s. vanaf punt D in die rigting van die miedens B en C. Terwyl Middleboy werksaam was by die voerbak van die meul het hy skielik gevoel dat sy broek aan die brand is en toe hy afkyk ~~was~~ staan daar vlamme ongeveer kniehoogte onder die meul. Waar presies die brand ontstaan het en wat die brand veroorsaak het kon Middleboy nie sê nie.

Sy eerste reaksie was om sy broek te blus en nog voordat hy dit behoorlik gedoen het, het hy op die trekker geklim en die trekker en meul weggetrek van die vuur af, want hy was bang dat die trekker, wat met dieselolie werk, kon ontplof. Hy en sy helpers by die meul het toe probeer om die brand in die blare en stronke by punt D te blus maar hulle het nie daarin geslaag nie.

Kort nadat die brand ontstaan het, het verweerder, wat toevallig op pad was met n voertuig na die plek waar gemaal is, rook sien trek by punt D en hy het hom daarheen gehaas. Ook Mnr. Schoonwinkel, voorman van eiser, wat in die nabyheid besig was om te ploeg, het die rook gesien en hy het ook dadelik na punt D gegaan.

By die verhoor was daar n geskil tussen die getuies (Schoonwinkel, verweerder en Middleboy) oor die kwessie of mied B reeds tekens van brand getoon het toe Schoonwinkel by punt D aangekom het. Laasgenoemde se getuienis was dat brandende materiaal vanaf punt D met die sterk wind wat gewaai het, in die lug aangedryf was tot by en selfs verby mied B, en dat toe hy op die toneel kom Middleboy en sy helpers reeds

besig was om ^{die} vuur by genoemde mied te probeer blus. Verweerder en Middleboy het egter getuig dat hulle geen brandende materiaal in die lug sien trek het nie en dat daar eers n tydjie later opgemerk is dat mied B brand. Die geleerde Verhoorregter het Schoonwinkel se getuienis op hierdie punt aanvaar. Dit is egter nie nodig om verder op hierdie aspek in te gaan nie, want in hierdie Hof ~~was~~ ^{is} dit deur beide partye aanvaar dat mied B aan die brand geslaan het as gevolg van die brand wat by punt D ontstaan het.

Middleboy en die ander Bantoes het probeer om die vuur by mied B te blus maar hulle kon dit nie doen nie. Schoonwinkel het besef dat hulle pogings nie sou slaag nie, en hy het die bokseile van die mied afgehaal om die seile van die vuur te red. Onmiddellik daarna het die hele mied aan die brand geslaan en, volgens Schoonwinkel, was die hitte so geweldig dat n mens nie nader as 40 tot 50 tree van die mied kon kom nie. Beide Schoonwinkel en verweerder het toe besef dat die posisie hopeloos was en dat daar niks gedoen kon word om mied B te red nie. Verweerder en sy werksmense het later die toneel verlaat en huis toe gegaan..../10

gegaan. Schoonwinkel het voortgegaan met sy ploegwerk in die nabyheid.

Die vuur by punt D het dieselfde middag (Donderdagmiddag) uitgebrand maar mied B het aangehou brand. In die loop van die middag het van die arbeiders ~~van~~ Schoonwinkel verwittig dat mied C ook tekens van brand toon. By ondersoek het hy gevind dat dit wel so was; en by ondervraging in die getuiebanc aangaande die oorsaak van die brand by mied C, was sy antwoord:

"Ook die wind met brandende strooi van mied B af het hoog deur die lug en baie breed deur die lug getrek en op C geval".

Hy het gevolglik die ploeg en trekker geneem waarmee hy besig was om te ploeg en het n voor in die grond getrek vanaf die sinkdam by punt E tot by mied C. Op daardie wyse het hy die dam se water na mied C gelei, en met die hulp van eiser se arbeiders het hy dit goed nat gemaak in die hoop dat die mied nie weer sou vlamvat nie. Ook het hy twee arbeiders by genoemde mied laat waghou van ^{af} Donderdagmiddag om teen brand te waak.

Die volgende dag, d.w.s. die Vrydag, het hy mied C weer goed natgemaak. Op daardie dag het eiser ook op Brulpan

opgedaag as gevolg van 'n boodskap dat daar 'n brand ontstaan het.

Hy het die toneel besoek en het gevind dat mied B nog brand ter-
wyl die wind nog altyd sterk van ⁿNoord na ^sSuid gewaai het. By
mied C het hy gevind dat byna die hele mied tekens van brand
getoon het maar dat dit op daardie stadium papnat was - trouens
sy gedagte was dat mied C in elk geval so beskadig was deur die
water dat 'n groot deel van die voer daarin nie meer bruikbaar sou
wees nie.

Weerleens is die twee wagte deur Schoonwinkel by
mied C gelaat en hulle moes dag en nag daar bly.

Sondagoggend is gevind dat mied C ook geheel aan die
brand is en dat daardie brand nie geblus sou kon word nie. Op die
getuienis is daar geen verklaring van wanneer presies die brand
by daardie mied ontstaan het nie en hoe dit ontstaan het nie.
Geeneen van die twee persone wat as wagte by genoemde mied gelaat
is, het getuig nie.

Beide miedens B en C het vir ongeveer twee weke
gebrand en gesmeul voordat hulle heeltemal uitgebrand was.

Genoemde / 112

Genoemde miedens was teen brand verseker, en die betrokke versekeringsmaatskappy het n bedrag van R9160 aan eiser uitbetaal vir die verlies wat hy gely het. Ek sal op n later stadium aandui hoe dat daardie bedrag bereken is.

Kragtens die bepaling van die versekeringspolis was eiser regtens verplig om, op aandrang van die versekeringsmaatskappy, die berekende skade van verweerder te eis, wat hy dan ^{ook} gedoen het; en daardie eis het tot gevolg gehad dat die partye voor die hof beland het.

Eiser se saak was dat verweerder of sy werknemers nalatig was in hulle werksaamhede terwyl daar by punt D gemaak is; dat die brand by daardie punt ontstaan het as gevolg van sodanige nalatigheid, en dat die twee miedens aan die brand gesteek is deur brandende materiaal wat na genoemde miedens oorgewaaie het. Verweerder het egter ontken dat die brand by punt D veroorsaak is deur enige nalatigheid aan sy kant, of aan die kant van sy werknemers, of dat die brand van enige van die twee miedens veroorsaak was deur die brand by punt D. Met betrekking tot hierdie geskilpunte is breedvoerige getuienis aangebied asook

getuienis aangaande berekening van die bedrag van skade wat eiser gely het.

Uit die getuienis blyk dit dat die ontstaan van n brand by die maal van droë voer met n hammermeul wat aangedryf word deur n trekker, inderdaad n gevaar is, veral waar die trekker wat gebruik word n uitlaatpyp het wat aan die onderkant van die trekker gemonteer is. Droë mielieblare is redelik ontvlambaar; en eiser sowel as drie ander getuies - Schoonwinkel en twee ^{Menere} ~~Menere~~ Strydom (laasgenoemde synde praktiese boere met ondervinding oor baie jare van hammermeule aangedryf deur trekkers) - het getuig dat n brand by so'n malery op verskillende wyse kan ontstaan as daar nie behoorlike voorsorgmaatreëls getref word nie. Behalwe vir die moontlikheid van brandstigting deur persone wat in die omgewing van die droë voer rook - n moontlikheid wat, op die getuienis soos dit staan, in die onderhawige saak uitgeskakel word - het die voornoemde getuies, uit eie ondervinding en/of uit kennis van die ondervinding van ander, die volgende moontlikhede genoem en verduidelik:

(a) Die uitlaatpyp van n trekker word opeen van twee maniere gemonteer, naamlik, of met die uitlaatpyp na bo sodat gas wat uit die masjien kom bo die trekker uitgeblaas word, of met die uitlaatpyp onder die trekker sodat die gas onder die trekker uitgeblaas word. Die uitlaatpyp aan verweerderse trekker was onder die trekker gemonteer, en wel op so'n wyse dat dit loop tot naby die agterkant van die trekker waar die bek van die uitlaatpyp skuins na onder wys sowat 15 duim van die grond. Vir die maalproses word n dryfas by die agterkant van die trekker gekoppel aan die agterkant van die hamermeul. Die voer^{bak} van die hamermeul, d.w.s. die bak waar die blare en stronke ingevoer word om gemaal te word, sit aan die voorkant van die meul. Wanneer droë blare by die voerbak van die meul ingevoer word, val daar maar altyd blare oor en dié kan dan te lande kom tussen die meul en die trekker, en dit is juis in daardie rigting waarna toe die bek van die uitlaatpyp skuins af wys.

Die masjien van n trekker word aangedryf deur ontbranding van krag-paraffien of dieselolie (in die geval

van verweerder se trekker was dit laasgenoemde), en die warm gas wat deur die uitlaatpyp uitgeblaas word verhit die pyp. Veral is dit die geval waar die masjien teen hoë spoed loop, soos gebeur wanneer daar met 'n hammermeul gemaal word. Warm gas kom dan by die bek van die uitlaatpyp uit en soms ook fyn stukkies koolaanpaksel. As ontvlambare materiaal teen die uitlaatpyp lê, of naby die uitlaatpyp ophoop, sodat die warm gas vir 'n tyd daarop geblaas word, of koolaanpaksel in die vorm van 'n vonk daarop geblaas word, kan dit maklik ontvlam.

Dit was soos eiser se getuies aan die hof verduidelik het. 'n Getuie vir verweerder, Mnr. Ridguard, 'n werktuigkundige met heelwat ondervinding van trekkers, het nie heeltemal saamgestem nie. Hy het klem gelê op die feit dat die gas wat by die bek van die uitlaatpyp uitkom, onder druk uitgeblaas word en gevolglik materiaal soos droë blare wat los op die grond lê sal wegblaas voordat dit verhit kan word. Hy het egter saamgestem dat, indien droë blare toegelaat word om op te hoop tussen die hammermeul en die trekker, sodat dit nie weggeblaas kan word nie, die warm gas uit die uitlaatpyp

die blare aan die brand sal steek as dit naby (daarby bedoel hy binne 10 duim) van die bek van die uitlaatpyp lê.

Eiser se getuies het ook aan die hof verduidelik welke voersorgmaatreëls getref behoort te word teneinde te voorkom dat brand op genoemde wyse ontstaan. Eerstens, moet die hamermeul-trekker kombinasie geplaas word, met betrekking tot die hoop blare of ander voer waaraan gemaal word, sodat dit windaf staan van die hoop, d.w.s. die trekker moet so staan dat die wind nie brandende materiaal van onder die trekker kan waai na die hoop waaraan gemaal word nie. Tweedens, moet daar gedurig skoongemaak word onder die trekker sodat ontvlambare materiaal nie onder die trekker ophoop of bly lê nie. En, derdens, moet daar 'n blik of emmer by die bek van die uitlaatpyp geplaas word sodat die warm gas en/of vonke wat daar uitkom in die blik of emmer slaan in plaas van op die grond. Alternatiewelik kan 'n metaal pyp in die vorm van 'n elmboog as 'n verlengingstuk oor die bek van die uitlaatpyp geplaas word sodat die gas wat uitkom, na bo geblaas word in plaas van na die grond.

Received (Date) ...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

...

Yours truly (u)

(b) n Ander manier waarop brand kan ontstaan, is wanneer n stukkie metaal, soos byvoorbeeld n stuk draad, per ongeluk saam met die voer wat gemaal moet word in die hammergeul beland. Deur omwenteling in die meul kom so n stukkie metaal tussen die lemme en hammers van die meul en word deur wrywing verhit. As dit deur die sif van die meul gaan, beland so n stukkie warm metaal in een van die sakke waarin die gemaalde voer opgevang word, en dit kan die voer in die sak aan die brand steek. As dit nie deur die sif gaan nie, kan dit agtertoe by die bek van die voerbak van die meul uitgeskiet word en, indien die voerbak wys in die rigting van die hoop blare waaraan gemaal word, kan die warm metaal die blare aan die brand steek.

Om brandskade deur so n stukkie warm metaal te voorkom, moet die meul so opgestel word dat die bek van die voerbak nie in die rigting van die hoop blare wys nie. Indien so n stukkie warm metaal in een van die voersakke te lande kom, moet die sak dadelik weggesleep word.

Die getuienis was egter dat, hoewel n hammergeul

n groot geraas maak, n metaal voorwerp in die meul n duidelike en onderskeibare geluid-maak.---Ook Middleboy het dit bevestig.

Wanneer so'n geluid gehoor word, word die meul gestop.

- (c) n Derde moontlikheid wat uit die getuienis blyk, is dat wanneer n besondere soort koppelstuk gebruik word om die dryfas van die trekker aan die meul te koppel, en die koppeling nie behoorlik geskied nie, daar wrywing van metaal teen metaal by die koppelstuk kan plaasvind. Die koppelstuk word dan warm en blare wat daarteen ophoop kan ontvlam.

Die derde moontlikheid, so pas genoem, kan in die onderhawige geval buite rekening gelaat word want, volgens Schoonwinkel, was die koppelstuk wat eiser gebruik het nie een van die soort wat wrywing kan veroorsaak nie.

Daar was gevolglik, soos die geleerde Verhoorregter dit gesien het, alleen twee moontlikhede wat betref die oorsaak van die brand by punt D; en hy het op die getuienis ~~sonder aarse-~~ling tot die gevolgtrekking gekom dat dit veroorsaak ^{was} deur die uitlaatpyp van die trekker wat droë mielieblare onder die trekker

laat ontvlam het en tot gevolg gehad het dat die hoop mielieblare
 en stronke by punt D aan die brand slaan.

Verder het die hof a quo ook bevind dat die brand
 by mied B ontstaan het as gevolg van brandende materiaal wat van
 punt D na genoemde mied oorgewaaï het en dat, op die waarskynlik-
 hede, die enigste moontlike gevolgtrekking wat gemaak kon word
 aangaande die brand by mied C, was dat dit veroorsaak is deur die
 brand by mied B, d.w.s., soos ek die uitspraak lees, dat branden-
 de materiaal vanaf mied B later oorgewaaï het na mied C.

Wat eiser se bewerings van nalatigheid betref, het
 die verhoorhof bevind dat verweerder en sy werknemers wel nalatig
 was deur nie behoorlike voorsorgmaatreëls te tref ten einde te
 voorkom dat droë materiaal in aanraking kom met die uitlaatpyp
 van die trekker nie, of dat sodanige materiaal deur gas of vonke
 wat uit die uitlaatpyp geblaas word, aan die brand gesteeek word
 nie. Getoets aan wat van n diligens paterfamilias verwag kan
 word, behoort verweerder, volgens die beskouing van die geleerde
 Verhoorregter, voorsien het dat brand op daardie wyse by punt D
 gestig kon word en met die heersende winde moontlik sou kon

sprei na die miedens wat windaf geleë was. In hierdie verband dien gemeld te word dat beide verweerder en Middleboy getuig ^{het} dat hulle nie beseft het dat die uitlaatpyp van 'n trekker op die voornoemde wyse brand kan veroorsaak nie, en gevolglik het hulle nie voorsorgmaatreëls teen so'n gebeurlikheid getref nie. Wat hierdie aspek betref, was die geleerde Regter se bevinding as volg:

"Op sy eie getuigenis is dit duidelik dat die Verweerder onkundig was omtrent al die moontlike brandgevaare maar dit kan nie as verweer geld nie want imperitia culpae (aut aequiparatur)-(sic) Dig. 50.17. 132. In ons regspraak word hierdie beginsel so verstaan dat 'n man nie vir sy gebrek aan kennis of bekwaamheid verwyt kan word nie maar wel dat hy 'n bedrywigheid onderneem het wat 'n sekere mate van kennis en bekwaamheid vereis en dat hy dit nie gehad het nie. Steun vir hierdie standpunt is te vind in 'n opmerking van Pomponius: Culpa est immiscere se rei ad se non pertinenti - Dig. 50.17.36 as die opmerking in streng juridiese sin in verband met damnum en in samehang met imperitia opgevat word. Die opmerking sal dan voeglikerwyse as volg kan lees: culpa est sine peritia immiscere se rei ad se non pertinenti. Dit is wat in die onderhawige geval gebeur het."

Volgens die uitspraak van die verhoorhof, moes eiser dus slaag in die geding, en is daar gevolglik skadevergoeding aan hom toegeken in die bedrag wat geëis was, naamlik R9160.

Op appèl voor ons is die bevindings van die verhoorhof op verskillende gronde aangeveg. Daardie gronde kan as volg opgesom word, en kan gerieflik ook in die volgorde soos hier weergegee, behandel word, naamlik:

1. Dat die verhoorhof fouteer het in sy bevinding dat die brand by punt D veroorsaak is deur die uitlaatpyp van die trekker.
2. Dat die verhoorhof fouteer het in sy bevinding dat die vuur wat oorspronklik by punt D ontstaan het, die brand by mied C veroorsaak het.
3. Dat, op die veronderstelling dat die brand by punt D wel deur die uitlaatpyp veroorsaak is en dat die brand by daardie punt tot gevolg gehad het dat miedens B en C aan die brand geslaan het, die verhoorhof nogtans verkeerdelik bevind het dat verweerder dit as n redelike moontlikheid moes voorsien het dat;

- (a) n brand op daardie wyse by punt D kon ontstaan;
- (b) n brand by punt D kon veroorsaak dat mied B aan die brand slaan;
- (c) n brand by punt D kon veroorsaak dat mied C aan die brand slaan.

4. Dat, selfs al sou bevind word dat al die gebeurlikhede in 3. hierbo genoem redelikerwyse voorsienbaar was, die verhoorhof nogtans moes bevind het dat daar geen versuim aan die kant van verweerder was nie om die ontstaan van die brand en die verspreiding daarvan na miedens B en C te voorkom nie.

Wat betref die punt onder 1 hierbo genoem, het verweerder (appellant) se advokaat voor ons betoog dat dit ewe waarskynlik^{is} indien nie meer waarskynlik,^{nie} dat die brand by punt D veroorsaak is deur n stukkeⁱ warm metaal wat uit die hammermeul gekom het. In hierdie verband het hy, met verwysing na n passasie in Middleboy se getuienis, betoog dat daar gedurende die maalproses geen ophoping van droë blare-naby die bek van die uitlaatpyp van die trekker ge- wees het nie en ook, met verwysing na Middleboy se getuienis dat hy bewus geword het van die brand toe daar vlamme onder die hammermeul was, verder betoog dat dit onwaarskynlik is dat die brand

by die uitlaatpyp van die trekker ontstaan het en daarvandaan
gesprei het tot onder die hammermeul.

Met daardie betoog kan ek nie saamstem nie.

Middleboy het wel in een gedeelte van sy getuienis onder kruis-
verhoor as volg op vrae geantwoord:

"En hoe hoog sal jy sê omtrent was die blare wat
onder die trekker was op daardie stadium (d.w.s.
toe Middleboy gewaar dat daar n brand onder die
hammermeul is)? - By die trekker was daar niks
nie, dit was net by die voerbak.

Kyk, terwyl julle gewerk het, het daar baie blare
onder die trekker geval, nie waar nie? - Dis reg.

Nou hoekom was dit dat toe die brand ontstaan het,
was daar geen blare onder die trekker nie? -
Ons het eers die blare weggekrap daar."

Wat hy bedoel het met die laaste antwoord - "ons het eers die
blare weggekrap daar" - is nie vir my duidelik nie. Wat
wel duidelik is uit sy getuienis as n geheel gelees, is
dat hy nie beseft het dat blare naby die uitlaatpyp van die
trekker n gevaar inhou nie; dat hy nie teen sodanige gevaar
gewaarsku was nie, en ook nie beveel was om te sorg dat
blare nie naby die uitlaatpyp ophoop nie, en dat terwyl
hy die hammermeul gevoer het, blare gedurig oorgeval het en

opgehoop het tussen die hammermeul en die agterkant van die trekker.

Met betrekking tot sodanige ophoping was sy verduideliking

"Ons los daardie blare en dan as dit nou baie is, dan maak ons dit bymekaar, dan gooi ons dit weer in die voerbak."

Die waarskynlikhede is dus baie sterk dat daar van tyd tot tyd 'n ophoping van blare tussen die meul en die trekker, en dus naby die bek van die uitlaatpyp, was wat deur die uitlaatpyp self of deur warm gas of vonkies uit die uitlaatpyp aan die brand gesteek kon gewees het. Die feit dat Middleboy eers bewus geword het van die brand toe sy broek deur vlamme materiaal onder die meul aan die brand gesteek is, doen nie af aan daardie gevolgtrekking nie. Daar skyn geen rede te wees waarom, indien die brand veroorsaak is deur die uitlaatpyp, dit nie kon gesprei het deur die opgehoopte blare tot onder die meul nie, waar Middleboy dit eers gewaar het toe hy voel sy broek is aan die brand. Dat die brand veroorsaak kon gewees het deur 'n stuk warm metaal afkomstig uit die meul self is baie minder waarskynlik.

1. The first part of the document discusses the importance of maintaining accurate records of all transactions and activities. It emphasizes that this is essential for ensuring transparency and accountability in the organization's operations.

2. The second part of the document outlines the various methods and tools used to collect and analyze data. It highlights the need for consistent and reliable data collection processes to support effective decision-making.

3. The third part of the document focuses on the role of technology in modern data management. It discusses how advanced software solutions can streamline data collection, storage, and analysis, leading to more efficient and accurate results.

4. The fourth part of the document addresses the challenges associated with data management, such as data quality, security, and privacy. It provides strategies and best practices to overcome these challenges and ensure the integrity and confidentiality of the data.

5. The fifth part of the document discusses the importance of data governance and the role of a data governance framework. It explains how a well-defined framework can help organizations establish clear policies and procedures for data management, ensuring compliance with relevant regulations and standards.

6. The sixth part of the document explores the benefits of data-driven decision-making and the role of data analytics. It illustrates how data analytics can provide valuable insights into organizational performance, customer behavior, and market trends, enabling more informed and strategic decision-making.

7. The seventh part of the document discusses the importance of data literacy and the need for ongoing training and development. It emphasizes that all employees should have a basic understanding of data and be able to interpret and use data effectively in their work.

8. The eighth part of the document discusses the importance of data ethics and the need for responsible data management. It highlights the potential risks and consequences of unethical data practices and provides guidelines for ensuring that data is used in a fair, transparent, and ethical manner.

9. The ninth part of the document discusses the importance of data security and the need for robust security measures. It outlines various security protocols and best practices to protect data from unauthorized access, loss, or theft, ensuring the confidentiality and integrity of the information.

10. The tenth part of the document discusses the importance of data backup and recovery and the need for a comprehensive disaster recovery plan. It explains how a well-planned backup and recovery strategy can help organizations minimize downtime and recover from data loss incidents, ensuring business continuity.

Soos reeds gesê, maak n metaal voorwerp in die meul n duidelike, onderskeibare, geluid. Middleboy self sê dat n mens dit sal hoor. Indien die brand deur so'n voorwerp veroorsaak sou gewees het, sou n mens ook verwag het dat die brand elders sou ontstaan het en nie onder die trekker of die meul nie. Dit sou dan na verwagting moes ontstaan het of in een van die sakke waarin die gemaalde voer val, of op n plek weg van die hammermeul indien die metaal voorwerp by die bek van die voerbak uitgeskiet was.

By oorweging van al die getuienis is daar, na my mening, geen grond vir die stelling dat die geleerde Verhoorregter verkeerdelik bevind het dat die brand deur die uitlaatpyp van die trekker veroorsaak is nie.

Aangaande die oorsaak van die brand by mied C (die punt onder 2 hierbo), is dit op appèl betoog dat daar nie voldoende bewys aangevoer is dat mied C deur die vuur wat oorspronklik by punt D ontstaan het, aan die brand gestek is nie. Verweerder se advokaat het daarop gewys dat mied C eers op die Sondag, d.w.s. ongeveer drie dae na die dag waarop die brand by

punt D ontstaan het, aan die brand geslaan het en dit wel nadat
 mied C op die Donderdag, en weer op die Vrydag, goed natgemaak
 was deur Schoonwinkel. Hy het ook gewag gemaak van die feit dat,
 hoewel Schoonwinkel twee Bantoewagte by mied C gelaat het om
 daar nag en dag te waak, geeneen van hulle as getuie geroep ^{is} ~~was~~
 nie, en dat daar geen direkte getuienis was van die oorsaak van
 die brand by mied C nie.

Hierdie kritiek is nie sonder gewig nie, maar tog
 nie genoegsaam om my te ~~oorreed~~ ^{oorreed} dat die hof a quo op die
 waarskynlikhede tot n verkeerde gevolgtrekking gekom het nie.
 Hoewel mied C ongeveer 120 tot 150 tree vanaf mied B geleë was,
 het dit, met n noordewind, windaf geleë van mied B, en die
 moontlikheid dat brandende materiaal vanaf mied B kon oorwaai
 na mied C staan vas op die getuienis van Schoonwinkel. Volgens
 sy getuienis, wat ek reeds aangehaal het, het dit reeds op die
 Donderdagmiddag gebeur, en mied C het toe tekens van brand
 getoon. Daarom dat hy daardie mied die Donderdag en weer
 die Vrydag nat gemaak het.

Die wind het deurgaans sterk gewaai vanuit die

The first part of the document discusses the importance of maintaining accurate records of all transactions. It emphasizes that every entry should be supported by a valid receipt or invoice. This ensures transparency and allows for easy verification of the data.

In the second section, the author details the various methods used to collect and analyze the data. This includes both manual and automated processes. The goal is to ensure that the information gathered is both reliable and comprehensive.

The third part of the document focuses on the results of the analysis. It shows that there is a clear trend in the data, which suggests that the current strategy is effective. However, there are some areas where improvement is needed, particularly in terms of efficiency and cost reduction.

Finally, the document concludes with a series of recommendations for future action. These include implementing new software tools, training staff on best practices, and regularly reviewing the data to stay on top of any changes in the market.

noorde, en sou dus nie alleen veroorsaak het dat die nat bale mielieblare aan die windkant van mied C uitdroog nie, maar kon ook veroorsaak het dat brandende materiaal weerleens van mied B oorwaai en op mied C val. As dit die wyse ^{waerop} is ~~dat~~ mied C aan die brand geslaan het, dan het dit in alle waarskynlikheid oor die nag van Saterdag op Sondag gebeur, want mied C was Sondagoggend vroeg reeds aan die brand.

Behalwe vir 'n ^{aanslons} suggestie, waarna ek ~~sal~~ sal verwys, kon verweerder geen ander waarskynlike oorsaak van die brand by mied C voorstel nie. Wat hy wel gesuggereer het was dat brand by mied C kon gekom het vanaf sekere Bantoe hutte wat in die omgewing geleë is. Hoe vêr daardie hutte vanaf mied C was, blyk nie uit die getuienis nie; al wat in die getuienis voorkom is dat die hutte aan die noord-westekant van mied C was. Die geleerde Verhoorregter het, vanweë die ligging van genoemde hutte en die heersende windrigtings, bevind dat die moontlikheid dat brand vanuit daardie oord kon gekom het met veiligheid buite rekening gelaat kon word.

Ook wat hierdie aspek van die saak betref kan ek

nie saamstem met die betoog dat die verhoorhof tot n verkeerde gevolgtrekking gekom het nie.

Wat betref die derde grond waarop die uitspraak van die hof a quo op appèl aangeveg is (sien 3 hierbo), het verweerder (appellant) se advokaat in die eerste plek betoog dat daar nie voldoende bewyse was dat verweerder die veroorsaking van brand deur die uitlaatpyp van n trekker as n redelike moontlikheid moes voorsien het nie. Hy het in hierdie verband staat gemaak op die volgende:

- (i) dat beide verweerder en Middleboy getuig het dat hulle nie besef het, en dus nie voorsien het, dat die uitlaatpyp van die trekker brand kon veroorsaak nie. (n Verdere stelling van die advokaat dat die

getuie Ridguard, volgens laasgenoemde se getuienis, ook nie so'n gebeurlikheid voorsien het nie, is, soos blyk uit wat ek reeds in verband met sy getuienis gesê het, ongegrond);

- (ii) dat hoewel, die ander getuies (eiser, Schoonwinkel en die twee Strydom broers) se getuienis was dat so'n gebeurlikheid inderdaad voorsienbaar is, hulle nie kon sê dat brandskade dikwels op genoemde wyse veroorsaak word nie.

Ek is ^{oortuig} ~~oortuig~~ op die getuienis van die voornoemde vier persone, asook op dié getuienis van Ridguard, dat die veroorsaking van brandskade deur die uitlaatpyp van n trekker (wat onder die trekker gemonteer is), waar droë voer met n hamermeul gemaal word, inderdaad deur n redelike persoon voorsien sou word. Die rede waarom die uitlaatpyp onder sulke omstandighede gevaar inhou, is so voor die hand-liggend dat dit nouliks ervaring nodig het om die bestaan van sodanige gevaar te besef. Dat brandskade nie dikwels op daardie wyse veroorsaak word nie, indien die getuienis hoegenaamd so'n afleiding regverdig, is bes moontlik toe te skryf aan die voorsorgmaatreëls wat kundige en praktiese boere tref om brand ~~te voorkom~~ te voorkom.

Dit is wel waar dat beide verweerder en Middleboy getuig het dat hulle nie voorsien het dat die uitlaatpyp van die trekker n brand kon veroorsaak nie. Of daardie getuienis sonder meer aanvaar moet word is n ander vraag. Ek sê dit omdat verweerder in sy getuienis te kenne gegee het dat hy wel opdrag aan sy werknemers gegee het om die grond onder die hammermeul skoon te hou sodat blare wat afval nie daar moet ophoophie.

Die rede wat hy in die eerste plek aangevoer het vir daardie opdrag was dat "dit nie so morsig lyk nie" en "om dit netjies en respektabel te laat lyk", maar, onder kruisverhoor, het hy bygevoeg dat daar ook n bykomstige rede was, naamlik, omdat hy voorsien het dat, as blare ophoop en teen die vliegwiel van die hammermeul kom, daar moontlik wrywing kon plaasvind wat n brand kon veroorsaak. Op die getuienis lyk dit vir my asof die moontlikheid van brand ~~daar~~ op daardie wyse, indien die moontlikheid hoegenaamd bestaan, gering moet wees in vergelyking met die moontlikheid dat n brand deur die uitlaatpyp van die trekker veroorsaak kan word; en dit kom my vreemd voor dat, waar die moontlikheid van brand ~~daar~~ binne verweerder se bewussyn

was, hy hoegenaamd ^{nie} aan die uitlaatpyp gedink het nie. Ek laat dit egter daar, want ek stem saam met die geleerde Verhoorregter dat dit n geval is waar imperitia culpa adnumeratur. Die verweerder het hom in n werksaamheid begeef wat n gevaar vir die eiendom van ander ingehou het, en daar sou dus van hom n mate van kundigheid en behendigheid verwag word. (Brown v. Hunt 1953 (2) S.A. 540 (A) op bls. 545.). Hy kan hom dus nie op sy onkunde beroep nie. n Redelike mens - die sogenaamde diligens paterfamilias - sou voorsien het dat, op die wyse waarop met n hammermeul en trekker gemaal word, brand ~~by punt D~~ by punt D redelik moontlik veroorsaak kon word deur die uitlaatpyp van die trekker, en hy sou dus voorsorgmaatreëls getref het om brand te voorkom. Verweerder het dit nie voorsien nie en geen voorsorgmaatreëls getref nie. Op grond daarvan is daar, na my mening, tereg bevind dat hy nalatig was.

Aangaande die vraag of verweerder moes voorsien het dat n vuur by punt D moontlik brand by miedens B en C kon veroorsaak, het verweerder se advokaat nadruk gelê op die feite dat mied B ongeveer 60 tree weg van punt D was en mied C weer

ongeveer 120 tot 150 tree van mied B, en dat die grond tussen punt D en die twee miedens skoon was. Hierdie afstande is natuurlik groot, maar daarteen moet die ander faktore wat n rol gespeel het, geweeg word, naamlik, dat daar oor die betrokke dag n baie sterk wind gewaai het; dat die miedens hoog in die lug op gestaan het (mied B ongeveer 30 voet hoog, en mied C ongeveer 10 voet hoog); dat die miedens reguit windaf gestaan het van punt D, en dat die materiaal in die miedens (droë gebaalde blare en gemaalde voer) maklik kon vlam. Met inag^{neming}~~name~~ van hierdie omstandighede en faktore, meen ek dat n redelike mens dit wel as n redelike moontlikheid sou voorsien het dat brandende materiaal oorgewaai kon word van punt D na mied B en weer vandaar na mied C; wat ook werklik gebeur het.

Met betrekking tot die vierde punt van kritiek op die verhoorhof se uitspraak, naamlik, dat die verhoorhof moes bevind het dat daar geen versuim aan die

kant van verweerder was om die ontstaan en verspreiding van die brand te voorkom nie, is daar weerleens deur verweerder se advokaat staat gemaak op die stelling, wat ek vro^eer behandel het, dat verweerder se werknemers gesorg het dat daar geen blare naby die uitlaatpyp van die trekker ophoop nie. Ek het reeds daarop gewys dat hierdie stelling ongegrond is, en dat daar inderdaad geen voorsorgmaatreëls getref was om n brand by punt D te voorkom nie.

Verder is dit betoog dat verweerder se werknemers alle moontlike stappe gedoen het om die brand by mied B te blus en dat alle moontlike stappe (deur Schoonwinkel) gedoen is om te voorkom dat die brand nie na mied C versprei nie. Laasgenoemde twee stellings is, myns insiens, gegrond; maar die feit dat na die ontstaan van die brand, alle redelike stappe gedoen is ten einde die twee miedens van brand te red, welke pogings nie geslaag het nie, kan nie as verskoningsgrond aangebied

word vir verweerder se nalatigheid om redelike voorsorg te tref dat n brand hoegenaamd ontstaan nie.

Dit is nodig om, in verband met die betoë wat hierbo behandel is, ook melding te maak van n vraag wat gedurende die loop van die argument op appèl geopper ~~was~~^{is}, naamlik, of by oorweging van skuld aan die kant van verweerder daar nie n verskil getref behoort te word nie tussen die skade wat eiser gelyk het deur die afbrand van mied B en die skade wat later gevolg het deur die afbrand van mied C. Die vraag het eintlik ontstaan uit nabetraging oor die verskil in die omstandighede waaronder hierdie twee miedens geplaas was en afgebrand het - mied C was baie verder geleë van punt D as mied B; dit is nie aan die brand gestek deur brandende materiaal wat direk van punt D oorgewaai het nie maar wel, soos deur die verhoorhof bevind, deur brandende materiaal wat van mied B oorgewaai het; dit was tweemaal deur Schoonwinkel natgegooi met water afkomstig van n nabygeleë sinkdam by punt E, en sodanige optrede het die ontstaan van brand by mied C vir n paar dae voorkom, want genoemde mied het

eers die Saterdag nag of vroeg die Sondagoggend aan die brand geslaan. Die vraag wat hom, by oorweging van hierdie omstandighede, voorgedoen het, was of verweerder regtens aanspreeklik behoort gehou te word vir die skade wat gely is deur die afbrand van mied C.

Ek moet onmiddellik sê dat die vraag nie die kwessie behels het of daar, by bepaling van die omvang van skade waarvoor n verweerder regtens aanspreeklik gehou kan word, nie n toets ander dan die toets van voorsienbaarheid toegepas moet word nie (cf. McKerron: "The Law of Delict" 7de Uitgawe bls. 126 et seq). Die verhoorhof het deurgans die toets van voorsienbaarheid toegepas; en die vraag op appèl^{gestel} was of, by behoorlike toepassing van genoemde toets, dit gesê kon word dat die skade gely deur die afbrand van mied C voorsienbaar was. Die vraag kan duidelikheidshalwe so gestel word: sou n redelike mens, indien hy wel voorsien het dat n vuur by punt D na mied B kon sprei en daarvandaan na mied C, nie ook met regverdiging kon geredeneer het dat, gesien die afstand tussen die twee miedens en die moontlikheid van bekampingsmaatreëls van die aard deur

Schoonwinkel getref (die natgooi van mied C), die moontlikheid van afwering van brand by mied C die moontlikheid van skade aan daardie mied uitskakel of ten minste afwater na 'n geringe moontlikheid nie. Die oorweging wat by hierdie vraag behels word is, binne die raamwerk van die toets van voorsienbaarheid, heel logies. Die omstandighede van 'n besondere geval kan sodanig wees dat, hoewel die redelike mens die moontlikheid van skade sou voorsien, hy hom redelikerwyse sou kon verlaat op die bestaan van faktore of omstandighede, soos, byvoorbeeld, bekampingsmaatreëls, wat die moontlikheid dat skade berokken kon word sou teenwerk of uitskakel.

Die omstandighede van die onderhawige saak sluit, myns insiens, egter so'n gevolgtrekking uit. Ek kan nouliks dink dat 'n redelike mens, indien hy die moontlikheid van verspreiding van brand na mied C voorsien het (en dit moet by beantwoording van die betrokke vraag die veronderstelling wees), sy bewustheid van die gevaar wat daardie moontlikheid inhou, sou gesus het met bespiegeling oor die moontlikheid

dat brand, indien dit sou ontstaan, bekamp sou kon word met maatreëls wat daarna getref sou kon word. Die enigste maatreëls wat hy in die onderhawige saak in gedagte sou kon gehad het (op die veronderstelling dat hy hoegenaamd daaraan sou gedink het), kon gewees het dat mied C natgemaak sou kon word uit die sinkdam by punt E. Maar enige beskouing dat daar op daardie wyse moontlik in geslaag sou word om skade te voorkom - dit het inderdaad nie geslaag nie - sou onder die besondere omstandighede blote spekulasie gewees het. Daardie omstandighede het ek reeds genoem, naamlik, die ontvlambare materiaal wat in miedens B en C gepak was, die hoogte van die miedens en die heersende winde in die betrokke omgewing. Daarby moet in aanmerking geneem word die feit dat wanneer so'n mied deur brand getref word dit vir 'n geruime tyd kan brand en/of smeul - in die onderhawige geval ongeveer twee weke - en dat die gevaar van brandverspreiding van so'n brandende mied vir 'n lang tyd kan bestaan.

Iemand wat hom onder sodanige omstandighede sou troos met die hoop dat, vanweë die distansie tussen mied B en C, en die feit dat water uit die dam by punt E aangewend sou kon word om mied C nat te maak, skade aan daardie mied voorkom sou kon word, sou nie daardie mate van sorg aan die dag lê wat van n diligens paterfamilias verwag word nie.

Verweerder is dus, na my mening, tereg aanspreeklik gehou vir die skade wat eiser gely het ten opsigte van beide miedens B en C.

Daar bly dan nog vir oorweging die betoog, namens verweerder op appèl gevoer,

dat die bedrag van skadevergoeding wat toegeken
is verkeerd bereken was.

Ek het reeds gesê dat eiser presies daardie bedrag geeis het wat die versekeringsmaatskappy as vergoeding onder die betrokke polis uitbetaal het, naamlik R9160. Genoemde bedrag was bereken deur n assuransie-assessor, Mnr. Loots. Met die maak van daardie berekening het Mnr. Loots voor die probleem te staan gekom dat eiser hom nie kon sê wat die gewig van die voer in die twee miedens was nie en ook nie wat die grootte van die miedens was nie. Mnr. Loots was gevolglik verplig om met n omweg n berekening te maak op ander gegewens wat hy van eiser bekom het, naamlik, dat die hele oes afkomstig was van 431 morg geplante mielies; dat die opbrengs per morg, by beraming, $1\frac{3}{4}$ tot 2 ton was (d.w.s. die gewig van die droë mielieplante bestaande

uit stingels, blare, stronke en pitte), en dat die waarde daarvan as voer van R18 tot R22 per ton was. Mnr. Loots kon dus by benadering bepaal wat die waarde van die hele oes was, en van die totale waarde aldus bepaal moes hy natuurlik aftrek die waarde van daardie gedeelte van die oes wat nie vernietig was nie; en laasgenoemde het bestaan uit die 600 sak (60 ton) mieliepitte wat eiser gedors het en verkoop het; die mieliekoppe wat gestapel was in die mied A en wat nie gebrand het nie, en die blare en stronke wat aan verweerder geskenk was en wat laasgenoemde tot voer gemaal het.

Die berekening wat Mnr. Loots gemaak het, was as volg:

Opbrengs van 431 morg teen $1\frac{3}{4}$ ton per morg	=	754 ton
Min 600 sakke mieliepitte wat verkoop is		
(200 lb. per sak)	=	<u>60</u> ton
		694 ton

694 ton voer @ R18 per ton	=	R12492
----------------------------	---	--------

Min waarde van mieliepitte in mied A; geskat as 25% van totale hoeveelheid wat in miedens A, B en C gepak was, d.w.s. 25% van R12492	=	<u>R3123</u> R9369
--	---	-----------------------

Min waarde van voer wat verweerder vir eie gebruik gemaal het: <u>geneem</u> as 209 sakke @ R1 per sak	=	<u>R209</u>
---	---	-------------

Berekende bedrag van werklike skade		<u>R9160</u>
-------------------------------------	--	--------------

Op appèl is hierdie berekening aangeveg op twee gronde. Die eerste grond was dat die wyse waarop Mnr. Loots n toelating gemaak het vir die 60 ton gedorsde mieliepitte onlogies was, omdat sy berekening daarop neerkom dat,

by waardebepaling, genoemde mieliepitte gereken is teen dieselfde waarde per ton (naamlik, R18 per ton) as wat toegereken is aan die voer in miedens B en C wat bestaan het uit gemaalde stingels, blare, stronke en mieliepitte. Volgens verweerder se advokaat moes die waarde van die suiwer mieliepitte veel hoër gewees het as die gemaalde voer, en hy het daarop gewys dat eiser inderdaad die mieliepitte verkoop het vir R3-50 per sak, wat gelyk staan aan R35 per ton.

Die tweede grond waarop Mnr. Loots se berekening aangeveg ~~was~~^{is}, was dat die aantal sakke voer wat verweerder vir eie gebruik gemaal het, in die berekening gestel was op 209 sakke terwyl dit, op die getuienis, baie meer moes gewees het.

Na my mening moet verweerder gelyk gegee word met betrekking tot albei die genoemde gronde van kritiek. Wat betref die eerste grond, moet ek daarop wys dat dit nie in kruisverhoor aan Mnr. Loots gestel ~~was~~^{is} dat hy in daardie opsig fouteer het nie. Maar dat, soos die

berekening staan, hy wel fouteer het, kan nie betwis word nie, want in miedens B en/of C was daar 'n sekere hoeveelheid mieliestingels waarvan die mieliepitte uitgedors was (60 ton pitte) en die blare en stronke aan verweerder geskenk was. Daardie stingels, hetsy gebaal hetsy gemaal, kon nie dieselfde waarde hê as voer wat ook gemaalde pitte en blare bevat het nie.

Wat betref die tweede grond van kritiek, moet verduidelik word dat die syfer van 209 sakke deur eiser aan Mnr. Loots verstrek was, en daar is geen aanduiding hoe eiser aan daardie syfer gekom het nie. Op die ander beskikbare getuienis blyk dit dat daardie syfer verkeerd moet wees. Verweerder self het bereken dat hy ongeveer 2000 sakke voer moes gemaal het uit die blare en stronke wat aan hom geskenk was. Maar die basis waarop hy daardie berekening gemaak het is glad nie aanvaarbaar nie. Meer aanvaarbaar is die getuienis van Mnr. J. F. Strydom dat as 'n mens 600 sakke mieliepitte uitdors en die blare en stronke van daardie mielies tot voer maal jy ongeveer

800 sakke gemaalde voer sou kry. Verweerder het daardie stelling nie betwis nie. Op daardie basis bereken, moet die syfer van 209 sakke voer in Mnr. Loots se berekening vervang word met 800.

Verweerder se advokaat het gevolglik gevra dat hierdie Hof die berekening van Mnr. Loots moet regstel deur in beide opsigte hierbo genoem n aanpassing te maak; naamlik, (i) deur die waarde van die 60 ton mieliepitte wat eiser gedors en verkoop het, te stel op R2100 (60 ton @ R35 per ton), inplaas van R1080 (60 ton @ R18 per ton) waarop Mnr. Loots se berekening neerkom, en (ii) deur die aftrekking van R209 (209 sakke voer @ R1 per sak) te verander na R800 (800 sakke voer @ R1 per sak).

Die saak is egter nie so eenvoudig nie.

Voordat hierdie Hof die bedrag van toegekende vergoeding kan verminder moet hy ^{oortuig} ~~tenuit~~ wees, nie net dat daar in die berekening daarvan sekere foute ingesluit het nie, maar dat die berekende bedrag die skade wat gely is oorskry (Field Engineering and Clearing Corporation of

S.A. (Pty) Ltd. v. Polliack and Co. 1948(4) S.A. 312 (T)

op bl. 315/6.

By oorweging of dit wel hier die geval is, moet daar in gedagte gehou word dat Mnr. Loots nie sy berekening gemaak het vir die doel van die onderhawige geding nie, maar wel vir doeleindes van uitbetaling deur die betrokke maatskappy onder die versekeringspolis; en, by oorweging van al die getuienis, kom dit voor dat Mnr. Loots se basiese syfers heeltemal aan die konserwatiewe kant was. (Hy beskryf self die syfer van R9160 as "an equitable figure, perhaps on the conservative side as far as I was concerned").

So, byvoorbeeld, het eiser sy oes beraam teen $1\frac{3}{4}$ tot 2 ton per morg, terwyl, op Mnr. J. F. Strydom se beraming van die opbrengs per morg, dit heelwat meer kon gewees het. Mnr. Loots het die laagste syfer geneem:

$1\frac{3}{4}$ ton per morg. Ook wat betref die waarde per ton is dit die geval. Eiser het gereken R18 tot R22 per ton.

Mnr. J. F. Strydom het gereken R20 tot R22 per ton of

selfs meer. Weereens het Mnr. Loots die laagste syfer geneem: R18 per ton.

Mnr. Loots se benadering was dieselfde in sy berekening van die waarde van mied A wat nie uitgebrand het nie. Hoewel hy beraam het dat die kubieke inhoud van mied A ongeveer 11% tot 15% was van die totale inhoud van die drie miedens (A, B en C), het hy 25% toegelaat, en sy verduideliking daaromtrent was:

"Firstly in my discussion with Mr Wessels (eiser) I found that the last stack (mied A) possibly had a greater proportion of mealie pips than the other two (miedens B en C); secondly there was no real evidence as to the height of the three stacks and I tried to be conservative..."

Dan ook, wat betref die waarde van die voer wat verweerder vir homself gemaak het, het Mnr. Loots dit geneem teen R1 per sak. Mnr. Loots ^{is} ~~was~~ nie gevra nie, en het dus nie verduidelik hoe hy aan die waarde van R1 per sak gekom het nie. Mnr. J.F. Strydom het getuig dat sodanige voer (d.w.s. gemaak van stronke en blare sonder pitte)

nie meer as 20 sent per sak kon gewees het nie. Verweerder self het getuig dat die syfer van R1 per sak vir daardie voer nie onredelik was nie. As n mens egter verweerder se waardebeoordelings vir suiwer gedorsde mieliepitte vergelyk met sy waardes, onderskeidelik, vir gemaalde voer wat mieliepitte bevat en gemaalde voer wat geen mieliepitte bevat nie (net stonke en blare), dan is daar klaarblyklik n fout met sy waardes. Dit is nie nodig om sy getuienis op hierdie aspek te ontleed nie want ek stem saam met die geleerde Verhoorregter dat die waarde wat Mnr. J.F. Strydom stel op die voer wat verweerder gemaal het, baie meer realisties en aanneembaar is as verweerder se waarde.

As daar dan n herberekening moet wees om die twee berekeningsfoute van Mnr. Loots reg te stel, dan moet daar, met die oog op wat ek hierbo gesê het, in billikheid teenoor eiser, n totale herberekening wees en wel op n minder konserwatiewe basis as wat Mnr. Loots op gewerk het.

Na my oordeel kan daar, op die getuienis as geheel,
met alle regverdigheid die volgende berekening gemaak word:

Totale oes: 431 morg @ $1\frac{3}{4}$ ton per morg = 754 ton.

Waarde daarvan: gereken as voer teen R20 per ton
(in plaas van R18 per ton) = R15080

Min

(a) waarde van mieliepitte wat
eiser verkoop het;
600 sakke = 60 ton @ R35 per ton = R2100

(b) waarde van voer wat verweerder
gemaal het van die blare en
stronke wat aan hom geskenk
was; geneem as 800 sakke
@ 20 sent per sak = R160 R2260
R12,820

(c) waarde van mied A wat nie
gebrand het nie; gereken as
25% van al die voer wat in
miedens A, B en C gepak was R3205

Waarde van voer in miedens wat uitgebrand het R9615

Met so'n herberekening kom n mens dan uit op n groter bedrag

as dié wat aan eiser toegeken was, en dit wel sonder om

die opbrengs per morg te verhoog, of die persentasie


waarteen die waarde van mied A bereken was (25%), te verminder,

albei van welke aanpassings op die getuienis, geregverdig

sou wees.

Na my oordeel is die bedrag wat as skadervergoeding toegeken is gladnie onredelik nie, en moet dit bly staan nieteenstaande die berekeningsfoute waarop verweerder op appèl gesteun het.

Die appèl word gevolglik afgewys met koste.


G. v. R. Muller
Appèlregter.

Rumpff AR.)
)
Wessels AR.)
)) Stem saam.
Potgieter AR.)
)
Jansen AR.)